

UNDER THE UMBRELLA



SORG VIR JOU AFTREE- NESEIER

WAT IS DIE GEHEIM VAN 'N GELUKKIGE AFTREDE?

Om genoeg geld vir jou aftrede te hê, moet jy vroeg genoeg in jou lewe begin spaar en die maksimum bydrae wat toegelaat word.

Mense praat ook van saamgestelde rente as die agtste wonder van die wêreld. Hoe vroeër jy begin spaar, hoe meer wen jy deur die uitwerking van saamgestelde rente. Die werklike voordeel van saamgestelde rente is die rente wat jy verdien op rente wat jy reeds verdien het. As jy jou aftreefondsbydraes tot die maksimum verhoog,

jou aftree-geld spaar wanneer jy van werk verander en voldoende rente op jou beleggings verdien, is 'n finansiële onafhanklike aftrede binne jou bereik.

HOEVEEL MOET JY SPAAR?

Maak 'n skatting van die jaarlikse inkomste wat jy vir jou aftrede nodig het om jou lewenstandaard te kan volhou. Dit is gewoonlik tussen 60% en 80% van die salaris wat jy voor aftrede verdien.

As jy nog vêr van aftrede is, mag jy dalk dink dit is nie nou belangrik om soveel te spaar nie. Maar waar ook al jy op jou aftreebeplanningsreis is, praat met jou fonds se Gekontrakteerde Finansiële Adviseur en vind uit hoe jou aftreebeplanning lyk sodat jy die regte besluite kan neem en die nodige reëlings kan tref om jou plan in 'n werklikheid te omskep.

Die grafiek hieronder illustreer wat die uitwerking van 'n lae bydraekoers teenoor 'n hoër bydraekoers is. Hierdie syfers is van toepassing op 'n werknemer met 'n totale gewaarborgde pakket van R100 000 en 'n pensioengewende verdienste (PEAR) van R80 000.



Onthou die volgende:

Persoonlike verantwoordelikheid
Dit is jou persoonlike verantwoordelikheid om jou bydraes vir aftrede te verhoog. Dit is belangrik om vooruit te beplan sodat jy seker kan maak van finansiële onafhanklikheid wanneer jy aftree.

Tye verander
Mense begin later met 'n loopbaan, tree vroeër af en leef langer. Dit beteken meeste mense spaar nie genoeg vir hul aftrede nie. Verhoog jou aftreefondsbydraes om te verseker jy nie in hierdie slagkat trap nie.


Beplan
As jy nalaat om te beplan, beplan jy om te misluk. Praat met jou finansiële adviseur en vind uit wat die maksimum maandelikse bydrae is wat jy kan bekostig.

Aftreefondse bied 'n virtuele toevlugsoord vir belasting

Jou aftreefonds is die beste plek om te spaar.
Volgens ons konsultante, is dit meer koste- en belasting-effektief as ander soortgelyke beleggings.



'n Hoër bydraekoers kan 'n groot positiewe uitwerking op jou aftreespaargeld hê



Die grafiek illustreer die geprojekteerde waarde van 'n vaste bydrae oor 30 jaar met 'n salarisverhoging van 2% bo die verbruikersprysindeks (VPI) en 'n beleggingsopbrengs van VPI + 5%. Geen kapitaal is onttrek nie en kostes vir lewensdekking sowel as inkomstebeskerming is afgetrek.

Jy sal oplet dat daar 'n verskil van amper R1,4 miljoen is met aftrede, tussen bydraekoerse van 12.5% en 17.5%!

Om te sien hoe 'n hoër bydraekoers jou eie geprojekteerde aftreevoordele kan beïnvloed, gaan asseblief na Sanlam-Sambreelfonds se Aftreefonds-webwerf en speel rond met verskillende bydraekoerse op die "Retirement Calculator".

Hoe kan jy meer spaar vir jou aftrede?

- *Indien jou fondsreëls dit toelaat, kan jy bloot jou bydraekoers verhoog,*
- *Indien jou fondsreëls nie verhoging van bydraes toelaat nie, kan jou werkgewer met ons praat om uit te vind hoe die fonds kan herstruktureer om dit wel toe te laat,*
- *Jou fonds se Gekontrakteerde Finansiële Adviseur kan jou behulpsaam wees met ander maniere om meer vir jou aftrede te spaar.*



UNDER THE UMBRELLA



Werknemervoordele

KLIËNT INBELSENTRUM DIENSTE

Sanlam Sambreelfonds:

Wes-Kaap: 086 138 6202

Gauteng: 086 122 3646

Sanlam Futura Sambreelfonds:

086 138 6202

GEREGISTREERDE KANTORE VAN DIE FONDS

Sanlam Sambreelfonds:

Strand Straat 2, Bellville,
Posbus 1, Bellville 7530

Sanlam Futura Sambreelfonds:

Strand Straat 2, Bellville,
Posbus 1, Bellville 7530